WOORD & DAAD

Uitgegee deur / Published by:
Die Reformatoriese Beweging van Suider-Afrika in samewerking met die Buro vir Wetenskaplike Tydskrifte / The Reformational Movement of Southern Africa in coordination with the Bureau for Scholarly Journals

●

SOMER-UITGAWE – 2009
SUMMER EDITION – 2009
Vol. 49 no. 410

●

REDAKTEUR /
EDITOR
Marlies Taljard

●

ARTIKELREDAKTEURS /
FEATURE EDITORS
Bennie van der Walt, Michael Heyns, Willemien du Plessis, Nico Vorster, Leentie de Lange, Jan Swanepoel, Marlies Taljard

●

MEDEWERKENDE REDAKTEURS /
CONTRIBUTING EDITORS
Lourens du Plessis, Nic Olivier, Attie van Niekerk, Johan Snyman, Allan Munro, Amie van Wyk

●

BUROBESTUURDER &
TEKSVERSORGING /
BUREAU MANAGER & TEXT EDITING:
Susan Lourens
FORMATERING / FORMATTING:
Santie Lourens
Bertha Oberholzer
FINANSIES & ADMINISTRASIE /
FINANCE & ADMINISTRATION:
Erika Otto

●

Redaksionele stukke en korrespondensie /
Editorial articles and correspondence:
Woord en Daad / **Word and Action**
Privaatsak / Private Bag X6001
POTCHEFSTROOM 2520
RSA

●

Tel. (018) 299-4081
Faks/Fax 086 564 7983
E-pos / E-mail:
Susan.Lourens@nwu.ac.za

●

FUNKSIONARISSE / OFFICIALS
Jan Swanepoel
(Voorsitter/Chairman REBSA / REMSA)
Amie van Wyk
(Visevoorsitter / Vice chairman REBSA / REMSA)

●

INTEKENGELD / SUBSCRIPTION:
RSA R80 Ander / Other $45

●

Gedruk deur / Printed by
***IVYLINE Technologies**, Potchefstroom*
VOORBLAD – Erika Otto
BWT

INHOUD

HOOFARTIKEL

1 Om vernuwend te dink
M. Taljard

PRINSIPIËLE BESINNING / REFLECTION

2 Radikale Ortodoksie: (post-)moderne teologie en filosofie uitgedaag
J. Kruger

MENINGS EN INLIGTING / OPINIONS AND INFORMATION

5 Neo-Calvinist organisations for political action
R. Coletto

11 Het die kinderdoop nog reg van bestaan?
L. Floor

14 So waai die hare oor skolegodsdiens!
J.L. van der Walt

19 Is die NG Kerk nog ’n gereformeerde kerk?
A. König

22 Seerowery aan die kus van Afrika: perspektiewe op oorsake, gevolge en bekamping
T. Neethling

27 Ontwikkelingswerk in Afrika: een verlore strijd of nog hoop?
G. Verbeek

32 Nederlands beeld van Zuid-Afrika, vijftien jaren na 1994
G. Schutte

REAKSIE / RESPONSE

35 Waarom verander drome in nagmerries?
D.C. Coetsee

RESENSIES

Resensies verskyn op p. 18, 37-40

Die menings in WOORD EN DAAD uitgespreek, weerspieël nie noodwendig dié van die Redaksie nie. / Opinions, views and conclusions published in WORD AND ACTION are those of the authors and not necessarily those of the Editorial Board.

Om vernuwend te dink

Jodi Picoult se roman *Change of heart* is die aangrypende verslag van 'n man in die dodesel van Arizona se staatsgevangenis. In hierdie roman word die leser agter die skerms van die voltrekking van die doodsvonnis in Amerika geneem en daar word ingrypend gefokus op die aard van religie en geloof. 'n Belangrike kwessie wat deur die roman aan die orde gestel word, is of geloof mense meer verdraagsaam maak – of maak dit hulle dalk minder verdraagsaam? Glo ons onwrikbaar dat dit wat ons doen en die waardes wat ons voorstaan reg is, en indien wel, waarom glo ons dit? Is ons geloof waarlik ook ons oortuiging, of glo ons wat ons glo omdat dit te skrikwekkend is om toe te gee dat ons nie al die antwoorde het nie? Of dalk omdat hierdie spesifieke geloof myself bevoordeel en my 'n stok gee om andere mee te slaan?

Wanneer 'n mens die koerant lees – maar ook dikwels wanneer ons na onsself, kerkmense, luister – voel dit asof ons samelewing ten diepste verskeur is deur kwessies soos rassisme, politieke en godsdienstige onverdraagsaamheid, radikalisme, aborsie, gayregte en die doodstraf. Alles inherent geloofskwessies. En dan wonder 'n mens wat met die gees van godsdiens as sodanig gebeur het, want godsdiens behoort tog die oplossings te kan bied waarvolgens 'n verskeurde gemeenskap met mekaar verenig en versoen kan word. Die rede waarom gelowiges ook onderling verdeel en verskeurd is, kan dalk gesoek word in die wyse waarop ons glo, in die verabsolutering van dogma en die geloof dat as ek reg is, is jy verkeerd. Ook dalk in mý onvermoë om jóú as essensiële komponent van my geloofsuitlewing en selfs van my identiteit te herken.

In Romeine 12:2 skryf Paulus: "Laat God julle verander deur julle denke te vernuwe". Het dit nie dalk nou tyd geword om werklik vernuwend te dink oor ons praktiese geloofsuitlewing, oor ons land en oor wie almal in die ruimte van hierdie land hoort nie? Het dit nie tyd geword om die *logos*, die woord/taal aan te wend om mekaar in hierdie ruimte in te skryf eerder as om mekaar daaruit te skryf nie? Het dit nie tyd geword om ons eie verhaal in die groter verhaal van hierdie land in te bed sáám met die verhale van ander, eerder as om ons verhaal die dominante verhaal te probeer maak en die ander verhale te probeer uitvee nie? Het dit nie tyd geword vir alle denkende mense in hierdie land om die grense van hulle eie klein bestaan oor te steek en in die gees van ware buurmanskap te gaan kyk wat binne die grense van ons naaste se lewens gebeur en in die gesindheid van Christus by hulle betrokke te raak nie?

In hierdie uitgawe van *Woord en Daad* verskyn verskeie artikels wat kreatief en vernuwend fokus op "ou" probleme en wat werkbare alternatiewe voorstel wat in belang is van alle mense van Suid-Afrika en die Afrika-vasteland. D.J. Opperman skryf: "Hoe klein maal die gedagtes van die mens al om sy pyn". Vernuwend dink beteken om te ontsnap uit hierdie sirkelgang van selfsugtigheid. Solank ons in hierdie brak kringloop van verbittering – soos Opperman dit elders stel – bly voortleef, kan geen vernuwing en dus geen hartsverandering plaasvind nie. Esegiël stel dit poëties wanneer hy sê:

> Ek sal julle 'n nuwe hart en 'n nuwe gees gee, Ek sal die kliphart uit julle liggaam uithaal en julle 'n hart van vleis gee.

M. Taljard
(Redakteur)

Radikale Ortodoksie: (post-)moderne teologie en filosofie uitgedaag

J. Kruger
Gereformeerde Kerk Wapadrand

Oorsig

Die Radikale Ortodoksie kan gesien word as 'n poging om in die intellektuele taal van vandag die bekende spreekwoord aangaande die teologie weer sy beslag te laat kry, naamlik teologie is geloof soekende na verstaan (*fides quaerens intellectum*). 'n Mens sou dadelik kon dink dat dit tog nie iets nuuts is nie, maar wat hierdie projek belangrik maak om van kennis te neem, is enersyds die diepsnydende kritiek op die moderne sowel as postmoderne denke waarvan dit uitgaan en andersyds, die konsekwentheid waarmee vanuit die teologiese vertrekpunte van die Christelike tradisie hedendaagse filosofiese en politieke kwessies hanteer word.

Die Radikale Ortodoksie het diepsnydende kritiek op die moderne sowel as postmoderne denke en handhaaf konsekwentheid waarmee hedendaagse filosofiese en politieke kwessies hanteer word vanuit die teologiese vertrekpunte van die Christelike tradisie.

Die sentrale figuur van die Radikale Ortodoksiebeweging is John Milbank, tans Professor of Religion, Politics and Ethics aan die Universiteit van Nottingham in die Verenigde Koninkryk, en ook Direkteur van die Centre of Theology and Philosophy aan dieselfde universiteit. Milbank se boek, *Theology and social theory: beyond secular reason,* is in 1990 gepubliseer, en het dadelik opslae gemaak. Die publikasie van hierdie boek kan as die begin van die Radikale Ortodoksiebeweging beskou word. Sedert sy boek verskyn het, het Milbank 'n aantal medewerkers bygekry. Die belangrikste is seker sy eertydse student Catherine Pickstock. In 1998 publiseer Pickstock 'n boek met die titel *After writing, on the liturgical consummation of philosophy*. Soos die titel suggereer, is hierdie boek 'n verwoestende aanval op die filosofiese uitgangspunte van Jacques Derrida, en 'n poging om vanuit die beskouing van die hoogmiddeleeuse misliturgie 'n intellektueel verantwoorde lewenshouding vir vandag te ontwikkel. In die boek *Radical orthodoxy, a new theology*, wat in 1999 verskyn het, is Milbank, Pickstock en nog 'n Britse teoloog, Graham Ward, die redakteurs van hierdie versamelbundel waarin die uitgangspunte van die beweging op 'n programmatiese wyse uiteengesit word.

Modernisme én postmodernisme in 'n krisis

'n Basiese vertrekpunt van die Radikale Ortodoksie is dat die moderne tyd, waarvan die oorsprong tot by ontwikkelings in die laat-Skolastiek teruggevoer word, alles behalwe 'n ontsnapping aan bygeloof en metafisiese vooroordeel was. Die modernisme behoort eerder beskou te word as 'n alternatiewe teologiese keuse, ten opsigte van die hoofstroom Christelike tradisie tot op daardie stadium. Tot met die hoogbloei van die Skolastiek is die verhouding tussen die transendente en die immanente (of, vir die doeleindes van hierdie gesprek: die verhouding tussen God en sy skepping) algemeen verstaan as 'n deelnemende verhouding – die immanente deel

op 'n analogiese wyse in die transendente waaruit dit voortkom. Met die afskeid van die tradisie van deelnemende denke baken die moderne denkhouding egter 'n onafhanklike en outonome sfeer af: die suiwer immanente. Binne hierdie sekulêre sfeer geld die logika van 'n vrygemaakte menslike rasionaliteit. Die keersy van die afbakening van 'n suiwer immanente sfeer is dat die transendente (God) as 't ware ver weg gedruk is – Hy is nou *absoluut* transendent. Onder die invloed van hierdie ontwikkeling begin die teologie enersyds self werk vanuit 'n outonome rasionaliteit (breedweg die sg. kritiese teologie), en andersyds word dit gedwing om uit te gaan van 'n openbaringspositivisme en fideïsme ("Ek glo dit of dat eenvoudig omdat die Bybel so sê en nie op grond van enige ingeskape rasionaliteit in die sake nie.").

Die postmoderne kan gesien word as 'n krisis van die outonome rasionele subjek, soos dit in die moderne ontwikkel het. Eerder as dat die rasionele subjek soos 'n filmregisseur orde aan die ervaringswerklikheid oplê, moet die subjek self gesien word as radikaal uitgelewer aan die fluktuasies van die diskoerse waarin dit vasgevang is. Terwyl die Radikale Ortodoksie die narratiwiteit en tradisiebepaaldheid van alle rasionaliteit erken (en dus in daardie opsig beslis self postmodern is), voer dit aan dat die postmoderne in vele opsigte steeds, en meer radikaal, die teologiese keuse van die moderne deel. Dit is 'n keuse vir 'n volslae immanensie: daar is niks buite die eb en vloed van taaltekens waarin ons opgeneem word nie. As sodanig voer die postmoderne egter bloot die skeiding tussen die noumenale en die fenomenale, wat deur Immanuel Kant gemaak is, tot sy uiterste konsekwensie. Die Radikale Ortodoksie wil aantoon dat daar geen dwingende rede is vir hierdie intellektuele keuse van die postmodernisme nie.

Die alternatief: 'n verruimde rasionaliteit

Die alternatief, soos deur die Radikale ORTODOKSIE voorgestaan, is 'n verruimde rasionaliteit wat eenvoudig uitgaan van die intieme samehang en wedersydse deelname van die transendente en die immanente. Die uitbou van hierdie stelling behels onder andere die interpretasie van die Christelike tradisie wat aan die moderne tyd se sekularisering vooraf-gegaan het. Tot en met die hoogskolastiek is die antieke en hellenistiese denke met vrug deur die Christelike denke toegeëien, en in die proses ook ingrypend verander. Die denke van Plato, soos in die neo-Platonistiese gedaante van Augustinus se denke weergegee, saam met die denke van Aristoteles het aan iemand soos Thomas van Aquino in die hoogmiddeleeue, 'n grootse reservoir beskikbaar gestel van waaruit hy die samehang van geloof en rasionaliteit kon bedink. Teenoor interpretasies wat Plato as 'n dualistiese denker afmaak, en Thomas van Aquino as iemand wat 'n radikale skeiding gemaak het tussen natuur en genade, interpreteer die Radikale Ortodoksie Plato sterk vanuit die konsep van *methexis* (partisipasie/ deelname) in sy denke, en vir Thomas, in navolging van die *Nouvelle Theologie*, as 'n voorstander van 'n natuur wat voortdurend orals begenadig word, en so begelei word na volmaaktheid. Die *Nouvelle Theologie* is 'n beweging gedurende die eerste helfte van die twintigste eeu onder katolieke teoloë wat die skaakmat tussen konserwatiewe Thomistiese teologie en modernistiese vernuwing probeer deurbreek het deur meer outentieke interpretasies van die kerkvaders en die skolastici na te streef.

Die Radikale Ortodoksie staan 'n verruimende rasionaliteit voor wat uitgaan van die intieme samehang en wedersydse deelname van die transendente en die immanente.

In teenstelling met die drie golfslae van "de-hellenisering" wat in die geskiedenis van die Westerse teologie plaasgevind het (die Reformasie, die liberale teologie van die 19e en 20e eeue, en die hedendaagse pluralisme wat aanvoer dat die Griekse

groeibodem van die vroeë kerk 'n blote toevalligheid was), wil die Radikale Ortodoksie dus 'n ruimer rasionaliteit herwin en uitbou. Vertrekkende vanuit die deelnemende gemeenskap van die transendente en die immanente, soos wat dit in die geskiedenis en spesifiek die Christelike tradisie ontplooi, wil die Radikale Ortodoksie die verskillende afdelings van menslike kennis en aktiwiteit bedink. Hiervolgens moet die Bybel byvoorbeeld nie in die eerste plek benader word as 'n objek wat wetenskaplik deur 'n instrumentele rede bestudeer word nie, maar moet die leesaktiwiteit veel eerder ingebed wees in 'n liturgiese toenadering van die immanente tot die transendente. Eweneens behoort die politiek nie benader te word vanuit die sekulêre rasionaliteit wat tot die huidige neo-liberale samelewing aanleiding gegee het nie. Vanuit die deelnemende gemeenskap van die transendente en die immanente moet veel eerder 'n politiese bestel bedink word wat erns maak met relatief selfstandige gemeenskappe van mense. In sodanige gemeenskappe is die lewe en interaksie juis op 'n analogiese wyse 'n deelname aan die gemeenskap van die immanente met die transendente.

So 'n rasionaliteit wat kan put uit die wyses waarop die kerkvaders die Griekse metafisika toegeëien en binne hulle teologiese werklikheidsbeskouing gewysig het, stel die Radikale Ortodoksie verder in staat om in die gesprek met die natuurwetenskappe enersyds verby 'n Biblisistiese kreasionisme te stuur, maar tog andersyds diegene wat die natuurwetenskap wil gebruik om 'n ateïstiese agenda te bevorder, radikaal tereg te wys.

Ten slotte kan gewys word daarop dat die Radikale Ortodoksie die beskuldiging verwerp dat die uitgaan vanuit 'n besondere tradisie noodwendig lei tot geweld, omdat dit wat totaal anders en vreemd is, misken word. Uitgaande vanuit die spesifieke van die Christelike geloof en teologie wil die Radikale Ortodoksie juis hierdie besondere tradisie interpreteer as 'n tradisie van oopwees vir eindelose verskeidenheid. Dit kan so wees omdat die eindige wêreld wat deur ons bewoon word in deelnemende gemeenskap met die oneindige God lewe.

Uitgaande vanuit die spesifieke van die Christelike geloof en teologie wil die Radikale Ortodoksie hierdie tradisie interpreteer as 'n tradisie van oopwees vir eindelose verskeidenheid.

Vir diegene wat intellektuele erfgename van die Reformasie is, is dit belangrik om kennis te neem van die Radikale Ortodoksie as beweging binne die filosofiese teologie. Daar sal in die reine gekom moet word met die verhulde, en soms nie so verhulde aantyging dat die Reformasie deel in die epistemologiese en hermeneutiese uitgangspunte van die modernisme, en dat dit dus as sodanig op belangrike punte ook onderhewig behoort te wees aan die kritiek wat teen die modernisme en sy postmoderne afstammeling geopper word.

Neo-Calvinist organisations for political action

R. Coletto
Center for Faith & Scholarship, Potchefstroom Campus,
North-West University

The importance of organisations

Kuyperian Christianity has often stressed the importance of Christian organisations. In this short contribution I use the adjectives *Kuyperian*, *neo-Calvinist* and *reformational* as synonyms. They indicate a certain "family" within the broader *Calvinist* or *reformed* tradition (which is of course part of the broader *Protestant* tradition). These organisations have been serving for decades in sectors like labour and education, politics, agriculture, art and so on. Of course ecclesiastical and para-ecclesiastical organisations are important as well, but in the following pages (and possibly in a few other short articles to follow) I would like to dedicate some attention to the extra-ecclesiastical ones. The reason is that they confirm (perhaps more than anything else), that the reformed faith is not only about church-matters. It is about "all spheres of life".

The present brief survey will focus on some neo-Calvinist *political* organisations. One of the purposes is to inform our readers about initiatives which could become opportune in South Africa as well. And I hope such information will be accompanied by some inspiration and encouragement.

A broader perspective

In some confessional traditions Christians are inclined to deal with politics rather individually, or to rely on the members of their clergy. In South Africa, for example, we have the example of bishop Tutu, and many Christians are individually active within parties which have no official links with Christianity. Though no strategy is probably perfect and no one totally useless, reformational Christians have traditionally insisted on the necessity of specific organisations, associations, lobbies or parties.

Of course, one can thankfully acknowledge the presence of Christian political organisations also outside of the reformed tradition. There are for example parties of Lutheran or Roman Catholic "inspiration". Admittedly, not everything which is labelled "Christian" does always show consistency, integrity or even wisdom. For example the recent political "attempts" of some of the youngest parties in Africa and South America seem to remain rather "naive". Political maturity is not reached overnight. Nevertheless, in recent years the number of Christian political parties worldwide has increased, and this should be something to be thankful for.

In recent years the number of Christian political parties worldwide has increased, and this should be something to be thankful for.

Sometimes such organisations manage to grow within traditions and communities which would not be expected (at least from a reformed point of view) to promote solid Christian involvement in "secular" affairs. For example, in the 1970s the founders of

a Finnish (Lutheran) political party (SKL) were attacked by a prominent member of the Lutheran clergy who declared that the initiative was "un-Lutheran". In his view, creating a Christian party constituted a confusion of the two "kingdoms" (civil and religious) so neatly distinguished by Luther. Given the Lutheran worldview, such criticism was to be expected.

But men gripped by the power of the gospel don't give up easily: they replied to bishop Wickstrom that they were not organising the SKL as church members, but as full members of the "earthly regiment". They insisted that their intention was not to distribute "blessings to their voters", but "to be faithful in social and political issues". And so they did. During the 1970s the party gradually gained up to 9% of the votes (in 1978) of the Finnish electorate (it is suspected that some of the bishops voted for the SKL as well ...!?). The party (renamed "Christian Democrats" since 2001) has celebrated 50 years of service in 2008.

As it would be impossible, however, to deal with political parties in all Christian traditions, I will focus specifically on neo-Calvinist political organisations. One reason is that *Woord and Daad* is the journal of the Reformational Movement of South Africa (which is a neo-Calvinist movement). A second one is that the reformational movement worldwide has traditionally emphasised the necessity of Christian organisations, also in the political field. It is therefore interesting to see whether it has kept its promises.

Of course it must be admitted that the members, voters or supporters of the organisations mentioned below are not all neo-Calvinists. However, what these institutions have in common is the fact that basic reformational principles have been and are instrumental (or at least present) in shaping their policies, aims and strategies. Let us start from what has been achieved in the Netherlands, the cradle of reformational political action.

The Netherlands

- **Past achievements and present opportunities**

Historians and other scholars may be fairly familiar with the names of the pioneers of reformed political theory: Julius Stahl, Johannes Althusius, Groen van Prinsterer, Abraham Kuyper. But not all of us may be familiar with the manyfolded efforts to organise Christian political action in the Netherlands in the last 130 years. Starting from Kuyper's Anti-revolutionary Party (founded in 1879) the Dutch Protestant community has organised six "Gereformeerde" parties, five "Hervormde" parties, five "Protestantse" parties and an "ecumenical" party (the CDA, discussed below). (From 1904 ten Roman Catholic parties were also founded.)

Most of these political parties have ceased their activities during the twentieth century. Even today, however, the reformed community living in the Netherlands has the possibility of supporting three parties upholding reformed principles.

- **The Christian Democratic Appeal**

The first one is the Christen Democratisch Appel (CDA – Christian Democratic Appeal), an "ecumenical" party in the sense that it is the result of the merger (realised in 1980) of two Protestant parties plus a Roman Catholic one. These parties were: Kuyper's Anti-revolutionary Party (ARP), the Christian Historical Union (CHU), and the Catholic People's Party (KVP). The CDA is currently the biggest coalition partner in the fourth Balkenende Cabinet (discussed later on in this article).

The CDA operates on the basis of principles like "sphere sovereignty", "solidarity" and "stewardship". The readers who are familiar with Kuyper's ideas will surely recognise his "footprints" here. As far as the CDA is concerned, these principles are supposed to be compatible with Catholic concepts like "subsidiarity", "shared responsibility", et cetera.

Sphere sovereignty refers to the way society should be organised: instead of

having one social institution controlling all the others, the state, the market, the churches (and so on) should have sufficient autonomy to function according to the specific norms which apply to them. The same applies to the state. Not one level of the state should have complete control; responsibility should be shared between local, provincial and national government. The principle of stewardship refers to the view that natural and cultural resources, the environment and other assets should not be exploited but preserved and treated as a gift from God.

The principle of stewardship refers to the view that natural and cultural resources, the environment and other assets should not be exploited but preserved and treated as a gift from God.

To mention some of the practical implications of these principles, the CDA wants to make, e.g. schools and hospitals more responsible for their own policies, instead of being too strictly regulated by the government. The party promotes European integration and Turkey's possible membership. The toleration of soft drugs should come to an end while prostitution, abortion and euthanasia should be restricted. The state deficit should be repaid in one generation, to avoid placing an excessive burden on the next one.

The CDA has been quite successful in electoral terms. Being the most voted party in the Netherlands (26,5% at the 2006 general elections) it has 41 seats in the Second Chamber and seventeen in the First Chamber. And now of course, European national parties participate in the European Parliament. In that context the CDA is a member of the European People's Party, and has a chance to influence political decisions beyond the national borders.

- **The Christian Union and the Reformed Political Party**

But the CDA is not the only party "appealing" to reformed Christians: the *Christen Unie* (CU – Christian Union) and the *Staatkundig Gereformeerde Partij* (SGP – Reformed Political Party) should also be mentioned.

The latter (SGP), though it gathers only 1,4% of the Dutch votes, is the oldest party still present in the Dutch parliament. It is also the most "conservative" Christian party, sometimes bordering on fundamentalism. It is indeed remarkable that SGP has never joined any cabinet (not even with CDA and CU) and has always remained in opposition. It remains, however, a "testimonial" party often cooperating with the Christian Union and constituting a sign of the vitality of the Dutch Christian-reformed community.

The Christian Union was born from the fusion (in 2001) of two reformed parties: the *Gereformeerde Politiek Verbond* (GPV – Reformed Political Alliance) and the *Reformatorische Politieke Federatie* (RPF – Reformational Political Federation). Among its members of parliament one finds well-known reformational academics like Egbert Schuurman or Roel Kuiper. The CU receives some 4% of the votes of the Dutch electorate (2006) but it is rapidly improving its results through the last Provincial (2007) and European (2009) elections. Compared to the CDA, some regard it as a "purer" expression of neo-Calvinist political spirituality. The party (on Christian-social positions) is collocated more at the left than the CDA, though some insist that the CDA remains more "progressive" in its policies.

The fact is that the Christian Union is rather "conservative" when it comes to ethical issues like euthanasia, homosexuality, drug-addiction and abortion. When it comes to social welfare, immigration or environmental concerns, it finds several points of agreement with parties of the left.

- **Support and cooperation**

It is worthwhile mentioning a few organisations which support (or cooperate with) our Christian parties. Political parties need a "think-tank", for example. In this category one should mention the Academic Bureau of the CU, namely the *Groen Van Prinsterer Stichting* (a name which is surely evocative). One should also mention the "youth leagues" of both parties (the CDJA and *PerspectieF*). Admittedly, these are "internal" organisations.

Apart from these, both CU and CDA enjoy "fraternal" links with institutions like the Dutch Union of Christian Employers (NCW), the National Federation of Christian Trade Unions in the Netherlands (CNV). They entertain good relationships with newspapers like *Nederlands dagblad, Reformatorische dagblad* and *Trouw*, with broadcasting societies like the Dutch Christian Radio Association (NCRV), the Catholic Radio Broadcast (KRO) and Evangelical Broadcast (EO), with several academic institutions and church denominations.

CDA and CU, of course, cooperate between themselves as well. In February 2007 the two of them, together with the Labour Party (PvdA), have managed to form the fourth Balkenende Cabinet. Apparently, the latter is also known as the "Dooyeweerd Cabinet", due to the fact that many of its members are well acquainted with the ideas of the famous neo-Calvinist philosopher of the Free University.

The reformed community worldwide, especially its reformational branch, can indeed be thankful for past realisations and present opportunities of service in the Dutch political arena.

North America

Moving to North America, we meet two organisations which seem to reflect the same political differences characterising the CDA and the CU in the Netherlands. They are the Centre for Public Justice (CPJ-USA) in Washington, and Citizens for Public Justice (CPJ-Canada). Politically speaking, as far as I understand, CPJ-USA is closer to the CU, while CPJ-Canada is closer to the CDA.

But before coming to them, two lines should be dedicated to organisations which existed and served in the past. In this category one finds the National Association for Christian Political Action (NACPA). It had its headquarters both in Washington DC and in Sioux Center (Iowa), and it published the journal *Politikon*.

- **USA: the Centre for Public Justice**

In the United States the Centre for Public Justice operates from Washington DC The Centre has enjoyed for many years the competent leadership of James Skillen (president) a practical organiser but also a well-known academic in the Dooyeweerdian tradition. Other prominent leaders include Stanley Carlson-Thies and Steven Monsma. One should notice that Skillen has recently retired as president and has been replaced by a young South African, Gideon Strauss. The latter has tried for several years to develop a similar organisation in South Africa, but after a few (unsupported?) attempts he resorted to offer his service in the United States.

The purpose of CPJ-USA is "to transform public life by working to establish the proper relationship between government and non-governmental responsibilities in society, and to uphold equal access for and treatment of all faiths in the public square". The CPJ mission is to "equip citizens, develop leaders and shape policies in pursuit of our purpose to serve God, advance justice and transform public life". Traditionally, to describe its activities the CPJ has used the image of a "three pronged fork". The three "prongs" are: information/education of citizens, research and publication, and cooperation with the government in the legislative process. I will limit my few notes to the third aspect.

As the electoral system in USA differs from the European system, CPJ-USA is not exactly a party, but functions more like a "lobby". In other words its representatives favour or oppose laws in close interaction with the government. For example,

a recent achievement of CPJ-USA has been the extension of State subsidies to Christian (and other "faith-based") organisations who volunteer to provide their services in various fields (for example by helping drug-addicts).

In the past, the legislation reserved state subsidies to agencies with no confessional affiliation (i.e. not "too religious") although in practice Christian organisations were not automatically excluded. Officially and legally, however, an organisation based on Marxist or Liberal principles could receive financial support to help fight poverty or drug-addiction, while a Christian one could not. In 2002 the CPJ played a crucial role in the White House to obtain the recognition of legal equality for all organisations involved in volunteer work, thus helping to abolish a form of discrimination based on religious affiliation.

In any case, when speaking of the CPJ as a "lobby" one should remember that this is only one of its three "prongs" and that, as a lobby, the CPJ is a very unusual one. The hundreds of lobbies present in Washington normally protect very specific interests (like those of professionals, veterans, all sorts of fraternities). Very few lobbies can offer the type of encompassing political project which is provided by the CPJ. As a matter of fact, the Centre is not there to defend the rights of any specific community, but to promote "public justice". This principle can be briefly discussed while presenting the next institution.

In 2002 the CPJ played a crucial role to obtain the recognition of legal equality for all organisations involved in volunteer work, thus helping to abolish a form of discrimination based on religious affiliation.

- **Canada: Citizens for Public Justice**

In Canada, *Citizens for Public Justice* (CPJ-Canada) is "an organization inspired by faith to act for justice in Canadian public policy". This organisation has been serving for almost 50 years. Among its historical leaders one should mention Harry Antonides, Edward Vanderkloet and Gerald Vanderzande. The latter has worked for social justice under the auspices of CPJ for almost 50 years. In 2001, he was awarded with the Order of Canada by the Governor General of Canada.

Compared to the 27 000 members of the Christian Union (after all a party of modest size in the Netherlands) the 1 500 members of CPJ might seem rather disappointing. But as Gordon Spykman wrote a few years ago, what counts is faithfulness in promoting kingdom-centred politics. In his view, one day the Christian community in Canada would become much more supportive of such organisations.

"Public justice" is one of the central concepts characterising neo-Calvinist reflection on political issues. According to this principle, the purpose of Christian political action is not to defend the privileges or to obtain advantages for the community of the Christians. The state should not try to stifle the *confessional pluralism* present in society, and should treat with equality all the different communities living within its borders, whatever their fundamental commitments may be. In addition, these communities should be allowed to live out their commitments even in the "public sphere", by creating organisations and institutions (e.g. schools) which reflect their points of view. This principle goes under the name of "structural pluralism".

These principles are not just chimerical. In the Netherlands they have been applied for decades and are part of Dutch public life. In a recent article Prof. Glenn shows that the Dutch experience compares quite well with (and is even preferable to) the strategies adopted in France, Germany or England.

South Africa

The picture would not be complete without mentioning South Africa. Here, unfortunately, Kuyperian ideas were often misused, in the past, to achieve results that have "astonished" the whole world! All this should inspire humbleness: holding neo-Calvinist ideas is no guarantee of decent political policies. It should also warn that attempted "mixtures" of Christian and secular principles usually result in failure. And yet there was something valuable hidden in the folds of a rather dark past. There were jewels in the mud. Many would say some of those jewels could be found in those reformational circles where the mixture of Christianity and nationalism was resisted. Someone would even mention the contribution of *Woord en Daad* and the Reformational Movement of South Africa, as Prof. Mottie Tamarkin from Israel, has recently done.

Today South Africa doesn't have a solid Christian political organisation. South African Christians should recognise the mistakes of the past without withdrawing from their present political responsibilities.

Today South Africa doesn't have a solid Christian political organisation notwithstanding the presence of a considerable Christian/reformed community. Previous experiments with Christian-national politics and their consequences may surely advise prudence in the contemporary context. But I suggest that South African Christians should recognise the mistakes of the past without withdrawing from their present political responsibilities. As far as the reformational movement is concerned, in this moment the study and dissemination of sound political principles seems to me the most important step to take.

Conclusion

I think we have mentioned the main neo-Calvinist political organisations for political action. But it might also be interesting to enquire on the views of other reformed parties (e.g. the EVP – Evangelical People's Party of Switzerland). It might be interesting to explore both similarities and differences with neo-Calvinist parties (after all the Dutch Reveil leading to neo-Calvinism started from Switzerland). It would also be interesting to enquire on past reformed-political contributions in Hungary or Romania (the 1989 revolt against the Ceausesku regime was led by Rev. Tokes, a reformed pastor in Timisoara).

In Indonesia (a country with links to the Netherlands) the Christian Party of Indonesia (Parkindo) was supported especially by the reformed communities. From 1970 it merged into the Democratic Party of Indonesia (DPI-Perjuangang) which was the third most voted party at the 2009 elections. Again it would be interesting to have more information on the principles and policies of this political organisation (language barriers do play a role there). Finally, it would be interesting to know whether a substantial reformed community like the South Korean one, is not planning to develop something meaningful in the political field.

Reformed Christians in South Africa are often inclined to pessimism, especially concerning the future. I hope this brief survey of past and present achievements may induce to some more positive feelings.

Het die kinderdoop nog reg van bestaan?

L. Floor
Emeritus: Fakulteit Teologie, Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

Wat is verkeerd met die kinderdoop?

Meer as ooit tevore is die sakrament van die kinderdoop die teiken van felle aanvalle. Wat vind die teenstanders dan verkeerd met die kinderdoop? Die doop word deur hulle die doop van die gelowiges genoem, omdat 'n mens eers nadat hy wedergebore is en bewustelik tot geloof gekom het, die doop as 'n bevestiging en verseëling van sy geloof kan belewe. Die kinderdoop word afgewys, omdat 'n baba nog nie kan glo nie.

Die wese van die doop

Die doop is in sy diepste betekenis 'n regeringsverandering. Ons is uit die ryk van die sonde en die dood opgeneem in die ryk van die Koning Jesus. God die Vader belowe dat Hy vir ons sal sorg, God die Seun belowe dat Hy ons wil versoen met God en God die Heilige Gees belowe dat Hy ons wil vernuwe.

Die doop is in sy diepste betekenis 'n regeringsverandering. Ons is in die ryk van die sonde en die dood gebore. "Ons is in sonde ontvang en gebore en daarom kinders van die toorn", lui die begin van ons doopsformulier. Maar wat sê die doop? Ons is opgeneem in die ryk van Koning Jesus. Dit word ons in die sakrament van die doop bevestig, beteken en verseël.

In die doop belowe God die Vader dat Hy vir ons sal sorg, belowe God die Seun dat Hy ons wil versoen met God en belowe God die Heilige Gees dat Hy ons wil vernuwe.

Wat van ons kinders?

Maar geld dit alles ook vir ons kinders? Al te seker. Die doop het immers in die plek van die besnydenis gekom en in die Ou Testament is die kinders ook besny. Deur middel van die besnydenis, die besnydenis van volwassenes en kinders, verneem ons dieselfde heerlike versekering: God is met ons. Daar loop in die Ou Testament 'n lyn vanaf die volwassenes se besnydenis na die kinderbesnydenis.

Die besnydenis in die Ou Testament

Abraham is besny nadat hy tot geloof gekom het (Gen. 17). Hier kom al dadelik die noue verband tussen die sakrament en die geloof aan die lig. Dit is éérs geloof en daarna besnydenis.

Maar in die Ou Testament is 'n merkwaardige verskynsel. Daar vind 'n verrassende omkeer plaas. Dieselfde besnydenis wat Abraham ontvang het en wat vir hom 'n teken en seël van die geregtigheid van die geloof is, moet nou ook deur sy huis ontvang word. Die volwasse besnydenis gaan oor in 'n huisbesnydenis (Gen. 17:12-14). Ja, die volwasse besnydenis word selfs 'n suigelingbesnydenis (Gen. 17:12).

Kinders wat nog maar slegs agt dae oud is, moet besny word. Ons kan vra: Waarom moet Abraham die klein seuntjies besny terwyl daar by hulle nog geen geloof is nie? Die antwoord is eenvoudig: omdat die Here die kinders ook in sy verbond wil opneem.

Dit is beslis nie so dat die volwasse besnydenis van die kinderbesnydenis verskil nie.

Ons lees in Genesis 17:26 dat Abraham en Isak, vader en seun, op dieselfde dag dieselfde besnydenis moes ondergaan. Ook aan de kinders is deur die sakrament van die besnydenis die waarborg gegee dat hulle deur geloof gered word. Hierdie versekering het hulle nie ontvang omdat hulle reeds geglo het nie. Die Here het hulle reeds hierdie waarborg gegee hoewel hulle nog nie (kon) glo nie.

Uit die oorgang van die volwasse besnydenis na die kinderbesnydenis blyk dat die volgorde, naamlik geloof – doop omkeerbaar is. Die volgorde geloof – besnydenis wat vir Abraham by die verbondsluiting gegeld het, kan ook omgekeer word. Dan is dit besnydenis – geloof, soos dit vir die Joodse kinders gegeld het.

Dit beteken wel dat die kinderbesnydenis roep na die besnydenis van die hart; dat hierdie besnydenis vra om geloof wanneer die kind opgroei.

Van besnydenis na doop

Die unieke van die besnydenis in die Ou Testament was dat daarin 'n heenwysing was na die heilsgebeure in Christus. Wanneer die apostel Paulus in Romeine 4:11 die besnydenis 'n seël van die geregtigheid van die geloof noem, bedoel hy daarmee dié geregtigheid wat hy in Romeine 3:21-31 die geregtigheid van Christus noem. Volgens Paulus se woorde word nie die geloof verseël nie, maar die geregtigheid wat net in die geloof ontvang kan word.

Wanneer ons die Christelike doop met die besnydenis vergelyk, word ons deur 'n ryker Godsopenbaring in die doop getref. By alle ooreenkomste tussen besnydenis en doop is daar ook kenmerkende verskille. Hoewel die besnydenis 'n teken en seël van die geregtigheid van die geloof is, was dit tog nog 'n onvervulde teken. Die besnydenisgestalte was die beloftegestalte. Die geregtigheid waarheen die besnydenis wys, moes nog deur Christus verwerf en volbring word. Die besnydenishandeling het daarom met bloed gepaard gegaan.

Die besnydenis was die belofte en moes nog deur Christus verwerf en volbring word. Die besnydenishandeling het daarom met bloed gepaard gegaan. Nadat Christus sy bloed gestort het, kom 'n ander teken en seël waarby geen bloed meer hoef te vloei nie – die heilige doop.

Die bloedgestalte was 'n heenwysing na die heil in Christus. Die besnydenishandeling kom tot 'n einde nadat Christus sy bloed gestort het.

Dan kom daar 'n ander teken en seël waarby geen bloed meer hoef te vloei nie – die heilige doop.

Die eenheid van geloof en volwassenes se doop

By die aanvalle wat op die kinderdoop geloods word, kom telkens die verhouding van doop en geloof ter sprake. Die geloof, so word gesê, is so wesenlik met die doop verbind dat ons nie mag doop wanneer daar nie geloof is nie. Sowel vir die volwassene se doop as die kinderdoop geld dat daar geloof moet wees, anders kan daar nie gedoop word nie.

Ons moet egter hierby in gedagte hou wie se geloof aanwesig moet wees en op wattter wyse die geloof aanwesig moet wees. Beteken die eenheid van geloof en doop dat ons van 'n kronologiese volgorde moet uitgaan: eers geloof en dan doop?

Reeds in die Ou Testament sien ons by Abraham dat sy besnydenis inderdaad op sy geloof volg. In die Nuwe Testament sien ons dieselfde. Hulle wat tot geloof gekom het, word gedoop. Die doop is 'n versekering dat wat God belowe, naamlik versoening en vergewing op grond van Christus se heilswerk, in die geloof aanvaar mag word.

Die kinderdoop

Die doop is 'n teken en seël van die geregtigheid wat die mens deelagtig word deur die geloof in die verkondigde evangelie.

Dit word aan volwassenes belowe, maar ook aan kinders en suigelinge. Daarom was die volgorde met betrekking tot kinders in die Ou Testament besnydenis – geloof en in die Nuwe Testament doop – geloof.

By die kinderbesnydenis en die kinderdoop gaan dit wel terdeë om geloof. Dit gaan egter nie om die geloof van die kind nie, maar om geloof rondom die kind, die geloof van die ouers. Die kerk doop nie sommer enige kind nie. Net kinders van gelowige ouers mag gedoop word. Kinders uit 'n huis waar die koningskap van Christus bely en eerbiedig word, mag die heilige doop ontvang.

God kom in die sakrament van die doop met sy heilstoesegging tot daardie kind wat gedoop word. Deur die geloof wat die Heilige Gees in die hart werk, vind by die kind die heilstoeëiening plaas.

Deur kinders te doop wil die kerk die kind juis die weg wys om tot geloof te kom.

Deur middel van die kinderdoop laat Christus dus sy reg op hulle geld. Hy kom ook tot hulle met sy belofte van heil en vra van hulle geloof en volkome gehoorsaamheid. Dit gaan hier dus oor kinders van gelowige ouers.

Deur kinders te doop voor hulle self Christus as hulle Here kan erken en bely, veronagsaam die kerk nie die geloofsbeslissing van die kind nie, maar wil die kerk die kind juis die weg wys om tot geloof te kom.

Die ouers en die kerk is deur opvoeding en kategese juis geroep om die kind te leer om sy/haar doop te verstaan: hy/sy staan as kind reeds onder die gesag van Koning Jesus – hy/sy dra sy koninkryksmerk.

Hy/sy moet nou leer om hierdie Koning gelowig te dien, te eer en te vrees.

WOORD & DAAD op die internet! /
WORD & ACTION on the internet!
http://www.journals.co.za/ej/ejour_woord.html
Gebruikersnaam en wagwoord kan aangevra word by: Erika.Otto@nwu.ac.za
Username and password can be obtained from: Erika.Otto@nwu.ac.za

So waai die hare oor skolegodsdiens!

J.L. van der Walt
Fakulteit Opvoedingswetenskappe,
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

Die hare waai!

Op 20 September 2009 berig *Rapport* onder die opskrif "Hare waai oor skolegodsdiens" dat prof. George Claassen, voorsitter van die organisasie Skepties Suid-Afrika, besluit het om formeel met die strafregtelike vervolging te begin van openbare (staat-)skole wat nog volhard met Skriflesing en gebed in die voorgeskrewe skoolgaantye. Volgens hom en sy organisasie, berig *Rapport*, is hulle "ontevrede daaroor ... dat godsdiens wederregtelik in skole bedryf word".

Lang aanloop

Soos ons kon verwag, het hierdie berig asook die een in die *Rapport* se bylaag *Weekliks* van dieselfde datum, nogal heelwat kommentaar van voor- sowel as teenstanders van Claassen se standpunt ontlok. Claassen se voorgenome optrede (wat na verneem word, intussen laat vaar is) was eintlik slegs die kulminasiepunt van 'n gesprek wat al lankal in Suid-Afrika aan die gang is. As 'n mens deur die onderwysgeskiedenisboeke van Suid-Afrika blaai, vind jy dat die vraagstuk van godsdiens in die skole eintlik uit die staanspoor (sedert die eerste formele skooltjie in 1658) in die middelpunt van die aandag gestaan het. Hierdie toedrag van sake kan veral toegeskryf word aan die Nederlands-Calvinistiese erfenis van die eerste Europese volksplanters aan die Kaap. Hierdie eerste setlaars was deurdrenk met die beginsel of uitgangspunt dat daar 'n noue samewerking en samespanning moes wees tussen die (Christelike) ouerhuis (waar die verbondskind gebore en opgevoed word), die kerk (uiteraard Christelik-Calvinisties) waar die kind se verbondsonderrig voortgesit word met die oog op volwaardige lidmaatskap, die skool waar dieselfde verbondskind se "gewone" kennis gebou en bevorder word met die oog op die vervulling van 'n toekomstige lewensroeping/beroep, en die staat, waarvan die kind 'n toekomstige burger moet word, met al die verantwoordelikhede, pligte en voorregte daaraan verbonde. Sommige Nederlandse skrywers het hierdie vierledige Calvinistiese verbondsamewerking met betrekking tot die verbondsopvoeding van die kind 'n "driestar" genoem, met die ouerhuis in die middel, en die kerk, staat en skool wat die drie punte van die ster verteenwoordig.

In Suid-Afrika was die vraagstuk van godsdiens in skole eintlik sedert 1658 die middelpunt van die aandag.

Veral die Afrikaner-Calvinistiese Suid-Afrikaners het hulle aan hierdie "driestar"-gedagte gebonde gevoel, hoewel sommiges dit ook regdeur die geskiedenis bevraagteken het. Na die intrede van die liberalisme na afloop van die Napoleontiese oorloë in Europa, en veral na die koms van die nuwe Britse bewind aan die Kaap na 1806, het die "driestar"-benadering al hoe meer onder skoot gekom. Volgens die liberalisme staan die individu en sy/haar vryheid van keuse sentraal, en niemand kan verplig word (byvoorbeeld in 'n staatskool) om konfessionele godsdiensopvoeding te ontvang nie. Namate die samelewing gesekulariseerd geraak het (nie slegs die Christelike kerke hulle greep op die openbare lewe verloor het nie, maar ook godsdiens in die algemeen), het hierdie tendens toegeneem. Die kernargument van die voorstanders van die

sekularisme is dat staat (dus ook staatskole) apart gehou moet word van godsdienstige instansies soos kerke, en ook privaatinstansies soos ouerhuise. Godsdiensbeoefening en godsdiensopvoeding is dus privaatsake en hoort tuis in die privaatsektor soos verteenwoordig deur ouerhuise, godsdienstige instansies soos kerke en privaat- of onafhanklike skole.

Die Model C-skole het sekere fasette van hulle bestaan en bedryf "geprivatiseer" om ouerbetrokkenheid en –seggenskap te verhoog, en om sodoende hulle eie etos en godsdiensbeleide te bepaal en te formuleer.

Die toutrekkery tussen die voorstanders van hierdie twee standpunte het voortgeduur vanaf 1806 tot 1948, toe die voorstanders van die sogenaamde Christelik-nasionale onderwys die oorhand gekry het met die oorname van die destydse Nasionale Party. Hoewel daar eintlik al voor hierdie datum en verder tot 1967 stilswyend aanvaar is dat Christelike onderwys en Christelike godsdiensopvoeding 'n uitdruklike plek in alle skole het of moes hê, is daar eers in 1967 met die promulgering van Wet 39 wetlik beslag aan hierdie toedrag van sake gegee, veral in skole vir die blanke kinders. Soortgelyke wetgewing het dieselfde bepaal vir die ander bevolkingsgroepe. Namate die apartheidsregering egter politieke teenstand uit sowel plaaslike as internasionale kringe ervaar het, het die regering allerlei aanpassings aan sy onderwysbeleid gemaak. Die belangrikste hiervan was waarskynlik die oorskakeling van blanke staat- of openbare skole tot sogenaamde Model C-skole in die tagtigerjare. Hoewel hierdie skole nog steeds as staats- of openbare skole beskou is en as sodanig befonds is, is sekere fasette van hulle bestaan en bedryf "geprivatiseer". Dit is gedoen om ouerbetrokkenheid en -seggenskap te verhoog, en om die skole toe te laat om hulle eie etos en godsdiensbeleide te bepaal en te formuleer. Dit spreek vanself dat die teenstanders van die destydse apartheidsregering nie met hierdie stap gediend was nie, aangesien dit 'n duidelike poging was om sekere beleidsaspekte uit die hande van 'n toekomstige na-apartheidsregering te hou.

'n Nuwe benadering

Weens allerlei politieke druk swig die apartheidsregering uiteindelik in 1994, en word deur Suid-Afrika se eerste ten volle demokratiese regering vervang. Een van die heel eerste take van die nuwe regering was om die onderwys in sy geheel te hervorm. Die doel van die hervorming was om ontslae te raak van elke spoor van die apartheidsonderwys van voor 1994. Vir die doel van hierdie bespreking is dit belangrik om daarop te let dat beleid rondom godsdiensonderwys in die skole nie dadelik aandag ontvang het nie. Dit kan enersyds toegeskryf word aan die feit dat dit aangevoel is as 'n teer saak met 'n lang geskiedenis. Andersyds kan dit toegeskryf word aan die feit dat gemeen is dat sowel die RSA se Grondwet as die SA Skolewet (albei 1996) genoegsaam aandag gegee het aan die kwessie van godsdiensregte in die algemeen en in die skole in die besonder. Hierbenewens het 'n Witskrif (1995) oor die onderwys ook sekere riglyne gebied, onder meer die reg van ouers om self die godsdiens(opvoeding) van hulle kinders te kies en te bepaal.

'n Witskrif (1995) oor die onderwys het sekere riglyne gebied, onder meer die reg van ouers om self die godsdiens(opvoeding) van hulle kinders te kies en te bepaal.

Nuwe godsdiens-in-die-onderwysbeleid

Na lang onderhandelings deur owerheidsfigure (politici en amptenare) en interdenominasionele godsdiensverteenwoordigers het die beleid rondom godsdiens in die onderwys uiteindelik in 2003 die lig gesien – byna 'n dekade na die koms van

volle demokrasie in Suid-Afrika. Die beleid reël tans alle sake rondom godsdiens en godsdiensonderwys in sowel openbare as onafhanklike skole. Vir die doel van hierdie bespreking is dit belangrik om uit te lig dat enige vorm van konfessionele godsdiensonderwys of -opvoeding nie as die taak van die openbare skool beskou word nie, maar wel dié van die ouerhuis en van die godsdienstige denominasie waaraan die kind behoort. Die destydse minister van onderwys (Kader Asmal) het gemeen dat die beleid nie sekularisties is nie, omdat daar voorsiening gemaak word vir samewerking tussen staat/owerheid en godsdiens/godsdienstige instansies. Die beleid maak naamlik voorsiening vir 'n akademiese vak bekend as Godsdiensstudies en vir die beoefening van sekere godsdienstige plegtighede. Die minister beskou nie die privatisering van konfessionele godsdiensonderwys as sekularisties nie.

Enige vorm van konfessionele godsdiensonderwys of –opvoeding word nie as die taak van die openbare skool beskou nie, maar wel dié van die ouerhuis en van die godsdienstige denominasie waaraan die kind behoort.

Nuwe strydpunte

Na die promulgering van die godsdiensbeleid (as 'n addendum tot die Wet op Nasionale Onderwys, nr. 27 van 1996) het die weë weereens uiteen gegaan. Sommige openbare-skoolgemeenskappe, veral dié wat voorheen bekend gestaan het as Model C-skole, het openlik voortgegaan met gebed en Bybellees in die gewone skoolure asof die godsdiensbeleid nie bestaan nie. Sommige van hulle het hulself selfs openlik tot Christelike skole verklaar; in sommige skole is die hele etos (die skool- en klaskameratmosfeer) uitdruklik en openlik Christelik; in sommiges word Christelike godsdiensopvoeding gegee; in sommiges word hierdie dinge gedoen solank daar niemand van die onderwysdepartement is om dit waar te neem nie (indien so 'n amptenaar besoek aflê, word alles wat met godsdiensonderwys te make het, sorgvuldig weggebêre). Dit is juis teen hierdie groep skole wat Claassen en sy medestanders die strydbyl wou opneem. Diegene wat ten gunste is van hierdie skole se optrede, en dus téén dié van Claassen gekant is, is daarteenoor van mening dat 'n mens nie 'n kunsmatige skeiding kan skep tussen die onderwys en opvoeding wat 'n kind tuis, in die kerk en in die skool ontvang nie. Dit sal net verwarring in die jong gemoed van die kind skep. Om hierdie rede word die godsdiensbeleid van 2003 deur hulle as 'n dwaling beskou, en word die skool aangemoedig om met uitdruklike Christelike godsdiensonderwys of -opvoeding te volhard. Daar is ook die standpunt dat die godsdiensbeleid strydig is met bepalings van die Grondwet en die Suid-Afrikaanse Skolewet, naamlik dat die beheerliggaam volle seggenskap het oor die karakter van, en die godsdiensonderwys in skole (vgl. uitsprake van adv. Paul Colditz, *RSG*, 31 Augustus 2009). Indien Claassen met sy veldtog voortgegaan het, was daar 'n besliste moontlikheid dat die saak uiteindelik in die grondwethof sou gaan draai het. Sy optrede sou dan vir almal meer lig gebring het oor die vraag of die godsdiens in die onderwysbeleid van 2003 grondwetlik was of nie. Ongelukkig skyn dit asof Claassen besluit het om nie met sy veldtog voort te gaan nie.

Claassen en andere, insluitende sommige vooraanstaande professore en dosente in die Opvoedkunde, meen dat die godsdiensbeleid van 2003 korrek/grondwetlik verdedigbaar is. Sommiges meen dat dit in belang van 'n progressiewe staat is, of dat dit in belang van verdraagsaamheid, vrede en voorspoed is indien daar geen konfessionele godsdiensonderwys in openbare skole is nie. Sommiges van hulle voer aan dat die skole net behoort te konsentreer op diversiteitsgeletterdheid, met ander woorde, kinders moet opgelei en toegerus word om die verskeidenhede in die samelewing raak te sien en te eerbiedig. Die standpunte van hierdie groep kundiges kan aan verskillende dieper motiewe toegeskryf word. Sommige van hulle is evolusioniste wat min geduld met enige godsdiens en godsdienstige leringe het.

Ander is self-verklaarde ateïste – hulle duld geen vorm van godsdiens anders as hulle eie, die ateïsme, nie. Ander hou weer vas aan die openbaar-privaat-skeiding van die sekularisme. Nog ander is liberaal-pragmaties, en voer aan dat elke persoon vir hom-/haarself moet besluit hoe en waar hy/sy enige vorm van onderwys verlang, en dat die openbare sfeer nie vir private aangeleenthede uitgebuit behoort te word nie.

Die gesprek oor die plek (al dan nie) van godsdiens en konfessionele godsdiensopvoeding word wêreldwyd gevoer. Sommige burgers wil konfessionele godsdiensopvoeding *in die skole* hê, en ander wil dit *uit die skool* hê.

Die gesprek oor die plek (al dan nie) van godsdiens en konfessionele godsdiens-opvoeding word nie slegs hier te lande gevoer nie, dog wêreldwyd – behalwe in godsdienstotalitêre state, soos Iran. In laasgenoemde lande is dit vanselfsprekend dat die godsdienswette ook die openbare lewe sal reël en bepaal. In meer liberale lande, waar die die regte, pligte, vryhede en verantwoordelikhede van die burgers volgens grondwet erken word, bly hierdie egter 'n punt van spanning en toutrekkery. Sommige burgers van die land wil (met goeie redes) konfessionele godsdiensopvoeding *in die skole* hê, en ander wil dit (eweneens met allerlei goeie redes) *uit die skool* hê. Laasgenoemde meen godsdiens en godsdiensopvoeding is 'n privaatsaak wat tuis en in die kerk hoort.

Wat sou die oplossing vir die probleem wees?

Is die Amerikaners korrek met hulle sterk skeiding tussen kerk en staat, en die gevolglike siening van godsdiens en godsdiensopvoeding as 'n privaatsaak? Of is die Nederlanders reg met hulle reëling dat alle lewensbeskoulik enersgesinde skole saam 'n skoolpilaar vorm wat oor hulle eie godsdiens en godsdiensopvoeding kan besluit, maar desondanks aanspraak mag maak op staatsfinansiering? Of is die mense van die Duitse deelstaat Hamburg reg as hulle sê dat godsdiens wel 'n plek op skool mag hê, maar dan net as 'n akademiese vak waarin godsdienste wetenskaplik ontleed en vergelyk word? Of was sekere Noorweegse ouers reg as hulle sê hulle wil hulle kinders onttrek indien daar onderrig oor ander godsdienste gegee word? Of is diegene wat konfessionele godsdiensonderwys vir klein kinders en vergelykende godsdiensonderwys vir ouer, meer gevormde kinders verlang, eerder in die kol?

Institusionele identiteit as moontlike oplossing

Miskien lê die oplossing vir die godsdiens in/en die onderwysprobleem in die gedagte van *institusionele identiteit.* Sal ons in Suid-Afrika nie die voortou neem deur iets soos die volgende te doen nie? Die eerste stap is om *alle* skole (openbaar en onafhanklik) tot staatsgefinansierde skole te verklaar. Stap twee is om van elke skoolgemeenskap te verwag om 'n eie etos te bepaal en te omskryf. Daarmee omskryf elke skool sy eie institusionele identiteit. (Dit sal natuurlik 'n paar vergaderings van elke skoolgemeenskap verg om by so 'n omskrywing uit te kom.) Stap drie is om hierdie etos, kenmerkende karakter of institusionele identiteit openlik aan almal in die hele land te verklaar en bekend te stel. (Dit sal uiteraard van tyd tot tyd tydens konferensies en met onderhandelings aangepas moet word.) Stap vier is om die skoolreëls op grondslag van die betrokke institusionele identiteit te bepaal. (Dit sal die huidige dissiplineprobleem ook in 'n belangrike mate die nekslag kan toedien.) Stap vyf is om ouers en leerlinge wat hulle met die skool se institusionele identiteit kan versoen, uit te nooi om deel van die skool en sy gemeenskap te word. Op hierdie manier kom almal wat hulle met 'n bepaalde skooletos kan vereenselwig, byeen. Stap ses is om alle dokumentasie, ensovoorts, wat met die voorgaande stappe te doen het, aan die provinsiale onderwysdepartement voor te lê met die oog op

finansiering van die skool uit die staatskas/ provinsiale skatkis. Stap sewe is om voorgaande stappe almal wetlik te verskans deur die afkondiging van 'n nuwe beleid oor godsdiens in/en die onderwys.

Die outeur stel 'n 7-stap plan voor om institusionele identiteit te bereik in die moontlike oplossing van die godsdiens in/en die onderwysprobleem. Sal Suid-Afrika die voortou hierin neem?

Voordele van die voorgestelde benadering

Hierdie voorgestelde werkwyse het verskeie voordele. Nie slegs is dit bevorderlik vir die demokrasie nie; dit laat die demokrasie ook toe om op die voetsoolvlak te werk. Dit maak ouers en hele gemeenskappe betrokke by die skool. Dit voeg identiteitsbepaalde soort by soort. Dit maak akademiese opleiding in godsdienswetenskap moontlik; dit maak ook die beoefening van godsdienstige praktyke sonder diskriminasie moontlik; dit maak konfessionele godsdiensopvoeding *binne die voorgeskrewe skoolure* moontlik. Dit omlyn elke skool op maniere wat vir elke betrokke skoolgemeenskap sin maak. Dit maak voorsiening vir elke moontlike godsdiens, sekte of gesindheid (en waar groepies te klein is, kan spesiale reëlings vir hulle getref word, desnoods met staatsondersteuning). Dit sal verhoed dat die staat (owerheid, onderwysdepartement) inmeng in 'n saak waarby skoolgemeenskappe belang het, en nie die staat nie. Dit voldoen aan die menseregtebepalings van die Grondwet en aan die Suid-Afrikaanse Skolewet.

En, les bes, dit maak veldtogte soos dié van Claassen en andere oorbodig!

Uys, I. 2009. **Die Suid-Afrikaanse gids: feite en wenke.** Pretoria: Protea Boekhuis. 484 p. Prys: R250,00. ISBN: 978-1-86919-324-9.

Resensent: *S. Lourens*
Buro vir Wetenskaplike Tydskrifte

Hierdie boek slaag uitstekend daarin om relevante inligting oor 'n groot verskeidenheid onderwerpe ten opsigte van Suid-Afrika in 'n neutedop weer te gee. Enige leser, vanaf senior laerskool tot volwassenes, behoort hierdie naslaanbron handig en stimulerend te vind. Die inhoud is in twee dele verdeel, naamlik inligting oor Suid-Afrika (soos onder andere geografie, mense, letterkunde, vervoer, ekotoerisme, ekonomie, sport en geskiedenis) en in Deel 2 algemene inligting wat inwoners en besoekers aan Suid-Afrika nuttig mag vind (onder andere oor fasette van die leefstyl, veiligheid en sekuriteit, behuising, medies en nog talle ander inligting oor Suid-Afrika).

Onder elkeen van die afdelings in elke hoofgroep word 'n magdom inligting kripties gegee en ryklik geïllustreer deur middel van kleurfoto's. Die inligting word interessant en in 'n gemaklike styl aangebied. Die boek lees so lekker en is so interessant dat 'n mens dit moeilik kan neersit wanneer jy dit eers begin lees het. Dit is nie nodig om die boek van voor tot agter deur te lees nie – 'n gedetailleerde inhoudsopgawe maak dit maklik om geselekteerde lees te kan doen.

By talle onderwerpe word interessante, bruikbare wenke gegee soos die wenke vir stappers, bagasietoelatings op SAL-vlugte, finansiële wenke vir kinders, hoe klein katjies en hondjies gevoed moet word, hoe om 'n CV op te stel of jouself vir 'n persoonlike onderhoud voor te berei, wenke vir die koop of huur van huise, woordfrases in verskillende Suid-Afrikaanse tale en nog baie meer. Oud en jonk behoort hierdie boek met vrug en genot te kan gebruik. Dit is heerlik om al die interessante inligting in Afrikaans te kan geniet. Vir die toeristemark behoort hierdie boek ook 'n wenner te wees in sy Engelse weergawe, *The South African aid!*

Is die NG Kerk nog 'n gereformeerde kerk?

A. König, Pretoria

Ek het ongeveer vyftien jaar gelede 'n boek geskryf oor die huidige vernuwing in die NG Kerk (*Vernuwe of verdwyn*, Lux Verbi). Daarin het ek probeer aantoon dat die NG Kerk al vir meer as anderhalf eeu 'n soort dubbele karakter het, naamlik van gereformeerd én evangelies. Die evangeliese kant het teen die middel van die agtiende eeu bygekom met die koms van die Skotse predikante, onder andere die Murray's, wat sterk Puriteins was. Dit het neerslag gevind in baie oortuigings en gebruike soos die reekse spesiale evangelisasiedienste met die nadruk op 'n persoonlike bekeringsbeslissing, Pinksterbidure, Halleluja-liedere, CSV en sendingywer.

Die punt wat ek destyds in verband met die huidige vernuwing in die NG Kerk gemaak het, was dat dit net 'n nuwe oplewing van die evangeliese tradisie is wat in die sestiger- en sewentigerjare doelbewus deur die amptelike NG Kerkleiding onderdruk is. Daar is wel sporadiese charismatiese invloed soos die "Praise and worship"-liedere en die orkes. Maar verder is dit nie Pinkster of charismaties nie.

Hierdie vernuwing het intussen baie sterker geword, en dit is moontlik dat die *Woord en* Daad-redaksie se bewoording en keuse van hierdie artikeltitel juis hierdie agtergrond het. Die vraag sou dan wees of die vernuwingsbeweging in die NG Kerk nie afwyk van die kerk se gereformeerde karakter nie, en intussen so sterk geword het dat dit die hele kerk "op sleeptou neem".

Wat is gereformeerd?

Maar ons moet by die prinsipiële vraag begin: Wat is "gereformeerd"? Miskien is dit nie in die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika 'n vraag nie, maar selfs daar sal mense seker bewus wees van die feit dat "gereformeerd" nie by hulle en by die Hervormers en die NG Kerk presies dieselfde beteken nie.

By die NG Kerk was daar 'n aantal jare gelede 'n taamlike sterk diskussie oor presies wat gereformeerd is. Dirkie Smit het onder andere 'n artikel in die *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif* geskryf waarna dikwels verwys word. Bloemfontein se teologiese fakulteit het 'n boek uitgegee: *Is die NG Kerk nog die NG Kerk?* In hierdie boek is dieselfde vraag gevra as wat die Redaksie nou vra.

In die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika en vir die Hervormers en die NG Kerk beteken *gereformeerd* nie heeltemal dieselfde nie.

In hierdie diskussie oor wat gereformeerdwees is, is natuurlik klem gelê op die belydenisskrifte. Daar is onder andere ook verwys na *coram deo* (voor die aangesig van God), en veral na die vier sola's (*net* Christus, *net* genade, *net* geloof, *net* die Woord).

Dit is sekerlik alles wesenlik deel van gereformeerdwees, al sal sommige mense heelwat meer wil byvoeg.

Wat is uniek gereformeerd?

Vir my is die vraag egter of hierdie kenmerke regtig so uniek aan gereformeerdheid is. Is dit nie oortuigings wat deur 'n baie groot deel van die Christendom aanvaar word nie? Sommige mense mag dit natuurlik sterker beklemtoon en ander

minder. Maar hoeveel van die hoofstroomtradisies gee geen aandag hieraan nie? Die antwoord hang seker so ’n bietjie af van ’n mens se eie uitgangspunt. Wil jy ten alle koste bewys dat net die gereformeerde leer suiwer is, of wil jy kyk hoeveel die verskillende groot tradisies in die Christendom met mekaar in gemeen het?

Natuurlik sal sommiges onder ons sê:

- die Katolieke is nie tevrede met “net genade” nie, en sit ’n ekstratjie by: goeie werke;
- en die Pinkstertradisie sit die doop by;
- en die charismate ook nog die doop met die Gees;
- en die Adventiste die Sabbat;
- en by “net die Woord” sit die Katolieke die tradisie by, en die charismate hulle ervaring.

Maar indien ’n mens mooi luister na Pinksterkerke en die charismate, kry ’n mens nie tog ook by hulle ’n besondere nadruk op die versoeningswerk van Christus as die enigste grond vir ons redding nie? En het Hans Küng nie 30 jaar gelede al gevra of die Katolieke regtig Christus se kruisoffer te min vir ons saligheid ag nie? Baie van ons meen die charismate voeg hulle eie ervaring by die Woord. Maar ’n baie groot deel van die charismatiese beweging stel die Woord sonder twyfel ver bo die ervaring. Daar is trouens ’n beduidende deel van die charismatiese beweging wat uitgesproke gereformeerd is. En die groot evangeliese beweging in Noord-Amerika, veral die Suidelike Baptiste, het ’n oorweldigende nadruk op “net Christus” en “net genade.”

Wat presies is daar in gereformeerdheid wat so uniek is dat ons dit nie in een of ander vorm ook by die ander groot Christelike tradisies kry nie?

My punt? Wat presies is daar in gereformeerdheid wat so uniek is dat ons dit nie in een of ander vorm ook by die ander groot Christelike tradisies kry nie, al sou dit nie altyd so prominent en fyn uitgespel wees nie?

Afhangende van ’n mens se uitgangspunt is dit moontlik dat die verskillende tradisies nie regtig so ver van mekaar af staan nie. Is dit dan so dringend belangrik om juis presies gereformeerd te wees?

Die huidige NG Kerk

Ek meen dat die meeste “streng” gereformeerdes nie veel sal dink van die huidige gereformeerdheid van die NG Kerk nie. Indien ’n mens dink aan die belydenisskrifte, is daar op sy beste ’n groot eerbied-op-’n-afstand daarvoor en dalk hier en daar nog ’n gemeente wat aandag gee aan die spesifieke inhoud daarvan. Maar as belydenisskrifte funksioneer hulle waarskynlik minimaal of selfs glad nie in gemeentes nie.

Het die NG Kerk nie onbewustelik ’n soort opsomming gemaak van die belydenisskrifte en dit in die kerklike lewe geïntegreer nie? Verskil dit regtig so veel van die ander gelooftradisies se beklemtonings?

Wanneer dit by sake kom soos die formuliere (doop, nagmaal, ampte, huwelik), het dit so te sê verdwyn, in elk geval in die meeste vernuwingsgemeentes. Die kerklied het totaal verander. Die bedieningstrukture is radikaal nuut. Van ampsbediening in die tradisionele gereformeerde sin is meestal nie meer sprake nie (huisbesoek deur predikante, ouderlinge).

Tog is dit ’n goeie vraag of die groot sake waaroor dit in ons belydenisskrifte gaan, soos byvoorbeeld *coram deo* en die vier sola’s, nie ook in die vernuwing voortleef in die geloofspraktyk en die prediking nie. Het die NG Kerk nie onbewustelik ’n soort

opsomming gemaak van die belydenisskrifte en dit in die kerklike lewe geïntegreer nie? Verskil dit regtig so veel van die ander geloofstradisies se beklemtonings?

Die huidige diskussie in die NG Kerk

Intussen handel die huidige brandende diskussie in die NG Kerk glad nie oor gereformeerdheid nie, maar oor die mees basiese aspekte van die evangelie, oor Jesus se opstanding, oor sy maagdelike geboorte, sy wonderwerke, die bestaan van bose magte, die triniteitsleer en die twee natureleer. Ons sou dit dalk tans as 'n ontoelaatbare luukse beskou om tyd af te staan aan presies hoe gereformeerd ons nog is. Is ons in die geheel nog by die evangelie? Ek het dit op tafel gesit in my onlangse boek, *Die evangelie is op die spel*, Lux Verbi.BM. 2009.

Juis dit maak die huidige vernuwing in die NG Klerk so belangrik. Dit is wel 'n rykgeskakeerde beweging, om die minste daarvan te sê. En wat my betref, kom daar inderdaad vreemde oortuigings en gebruike voor, sommige regtig ontstellend. Maar die groot lyne van hierdie beweging is duidelik genoeg. Dit het sterk wortels in die ou Evangeliese beweging. Dit is sterk behoudend in die sin van eerbied vir die Bybel, nadruk op die werk van Christus, persoonlike bekering, sending as georganiseerde uitreik maar ook as persoonlike betrokkenheid by die uitdra van die evangelie.

Die huidige vernuwing in die NG Kerk is sterk behoudend in die sin van eerbied vir die Bybel, nadruk op die werk van Christus, persoonlike bekering, sending as georganiseerde uitreik maar ook as persoonlike betrokkenheid by die uitdra van die evangelie.

- En dit is juis in die vernuwing waar die vreemde oortuigings van leidende figure in die NG Kerk geen invloed het nie. Dit mag later blyk dat die vernuwing die redding van die NG Kerk was. Maar dit sal beslis nie te danke wees aan sy "streng" gereformeerdheid nie.

Boekbekendstelling

Janse van Rensburg, Fika & Nel, Marius, *reds*. 2009. **Die Bybellennium: 'n eenvolume-kommentaar**. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy. 2208 p. Prys: R399,95. ISBN: 978-1-77000-699-7.

Die *Bybellennium* is nie 'n Bybel nie, maar 'n Bybelkommentaar wat op die Nuwe Lewende Vertaling (NLV) gebaseer is – 'n uitleg van die Bybel vir eietydse toepassing. Dit is 'n hersiening van die 1999-uitgawe. Die verskillende Bybelboeke (Ou en Nuwe Testament) is elk deur 'n spesialis-teoloog van eietydse interpretasie en kommentaar voorsien. Die doel is om die Bybelleser 'n geheeloorsig en -insig in die Bybel te gee. Die Griekse en Hebreeuse grondtekste is gebruik en die uitleg is in eietydse taal weergegee. Agtergrondinligting van die sosiale en politieke omstandighede van die eerste Bybellesers word ook verskaf, asook die implikasies wat dit vir hedendaagse lesers inhou.

Die lesers word in hierdie boek "begelei tot 'n geldige verstaan van die Skrif" sodat dwalinge en verkeerde leefstyl deur misinterpretasie uitgeskakel kan word en gelowiges gehelp word om 'n "Skriftuurlike leerfstyl" aan te kweek in navolging van 2 Timoteus 3:17. Verskeie fokusblokkies in die teks verskaf verhelderende inligting en 'n bylae van vaktaalterminologie en 'n indeks van aktuele temas agterin dra ook daartoe by om die Bybel vir die lesers verstaanbaar te maak. Die uitgangspunt van hierdie publikasie is die gesagvolheid van die Bybel en dat God sy wil vir ons lewe daarin openbaar. Die *Bybellennium* wil lesers dus lei tot 'n duidelike en verantwoordelike interpretasie van die Woord van God ten einde ons lewe tot eer van God te kan leef.

Seerowery aan die kus van Afrika: perspektiewe op oorsake, gevolge en bekamping

T. Neethling
Departement Politieke Wetenskap, Universiteit van die Vrystaat

Daar is in die afgelope tyd heelwat aandag geskenk aan die voorkoms van seerowery aan die Ooskus van Afrika. Veral die aktiwiteite van seerowers aan die kus van Somalië en in die aanliggende Golf van Aden het die aandag van die internasionale media getrek. Een van die mees bisarre voorvalle van seerowery was toe 'n handvol Somaliërs in November 2008 die reuse Saudi-supertenker, die *Sirius Star* met olie waarvan die waarde meer as 100 miljoen dollar beloop het, suid-oos van Kenia suksesvol gekaap het. Vragskepe en plesierbote het eweneens deurgeloop. Die fokus wat skielik op seerowery geval het, was dus met goeie rede, aangesien seerowery om die Horing van Afrika (Somalië) uiters negatiewe gevolge vir die ekonomiese vooruitgang van minstens sekere Afrikastate meebring.

Seerowery om die Horing van Afrika (Somalië) het uiters negatiewe gevolge vir die ekonomiese vooruitgang van sekere Afrikastate meegebring.

Seerowery aan die kus van Afrika – Wes, Oos en selfs Suid – is natuurlik geen nuwe verskynsel nie. Die belangrike is egter dat die aantal aanvalle op skepe aan die kus van Afrika skerp toegeneem het. Trouens, waar aanvalle op skepe in die waters van Suid-oos Asië, die Verre-Ooste en die Indiese subkontinent tot in 2006 internasionaal die hoogste voorkoms getoon het, is seeroetes in Wes- en Oos-Afrika sedertdien bo-aan die lys van organisasies soos die Internasionale Maritieme Buro wat statistiek hieroor byhou. Meer spesifiek toon syfers dat veral die Ooskus van Afrika (Somalië en Tanzanië) asook die Weskus (besonderlik Nigerië) sedert 2008 swaar gebuk gaan onder seerowery en die gevolge daarvan. Wat Somalië spesifiek betref, is die situasie sodanig dat 174 uit die totaal van 365 aanvalle wêreldwyd op skepe tussen 2006 en 2008 aan die Somaliese kus deur (Somaliese) seerowers uitgevoer is. Dit is gevolg deur Nigerië op 94, Tanzanië met 34 en Ghana met 11. 'n Verdere 52 aanvalle op 'n verspreide basis aan die kus van Afrika is ook aangeteken.

Wat verder interessant is, is dat seerowery aan die kus van Afrika met meer gesofistikeerde wapens uitgevoer word as dié in Asië. In Asië word seerowery dikwels uitgevoer met behulp van ysterstawe en messe, terwyl seerowery aan die kus van Afrika met behulp van outomatiese vuurwapens en granaatlanseerders uitgevoer word. Daarby het Somaliese seerowers letterlik grense oorgesteek deur aanvalle diep in die oop see te begin uitvoer. Aanvalle word veral geloods op reuse olietenkers en vragskepe, en dit word met behulp van moderne GPS-apparaat gedoen. Op hulle klein bootjies durf seerowers die Golf van Aden en die Indiese Oseaan om die horing van Afrika aan waar hulle tot sover as 200 seemyl van die kus op slagoffers toeslaan.

Daar is reeds heelwat oor seerowery in Afrika gerapporteer. Hierdie artikel wil kortliks drie sake belig, naamlik die oor-

sake van seerowery aan die kus van Afrika (met besondere verwysing na veral Somalië en daarnaas Nigerië), die belangrikste gevolge wat die hoë voorkoms daarvan vir Afrika inhou, en laastens enkele opmerkings oor pogings om die voorkoms van seerowery die hoof te bied.

Die oorsake van seerowery

Seerowers aan veral die Somaliese kus het in die afgelope tyd nogal die verbeelding van die internasionale gemeenskap aangegryp. Afgesien van die feit dat seerowers die oop see op hulle klein skuite met buiteboordenjins aandurf om soms reusagtige handelskepe wat in die Golf van Aden of om die Horing van Afrika vaar, aan te durf, is die bedrae wat meestal geëis word, astronomies. Die *Sunday times* het dié verskynsel onlangs treffend beskryf:

> Pirates use fast-moving skiffs to pull alongside their prey and scamper on board with ladders or grappling hooks. Once on board, they hold crews at gunpoint until a ransom is paid with amounts normally between US$1 million and US$2 million. All you need is three guys and a little boat, and the next day you're millionaires.

Seerowery as 'n sosiale en ekonomiese verskynsel is natuurlik nie nuut nie en kan na die antieke tye teruggevoer word. Wat dit vandag uiters betekenisvol maak, is dat dit plaasvind in 'n konteks waar 'n baie omvangryke deel − tot soveel as 80 per sent − van die internasionale gemeenskap se handelsvolume op reusagtige tenkers en houerskepe verskeep word. Wanneer onlangse statistieke aantoon dat daar gemiddeld elke 31 uur 'n aanval deur seerowers op van die wêreld se groot globale vervoermiddele plaasvind, is daar uiteraard rede tot kommer. Die vraag is: waaraan kan seerowery in die kusgebiede van Afrika toegeskryf word? In die geval van Somalië staan een faktor voorop, naamlik die afwesigheid van 'n funksionele regering en staatsadministrasie. Dit is bekend dat Somalië vir etlike jare onder die beheer van sogenaamde krygshere (*warlords*) was en die oorgangsregering wat 'n tyd gelede in Mogadishu aan bewind gestel is, het allermins 'n stewige greep op sake gekry. Onveiligheid (*insecurity*) was en is gevolglik aan die orde van die dag. Soos sommige waarnemers tereg uitwys: toestande van onveiligheid op land het oorgespoel na onveiligheid op maritieme gebied. Die afwesigheid van regeringstrukture en staatsadministrasie in Somalië het derhalwe uiters negatiewe internasionale gevolge gehad, asook vir die vooruitgang en ontwikkeling van Somalië en sy inwoners. Prakties gesproke kan daarop gewys word dat die Somaliese vloot tydens jare van afwesige regering gewoon gedegenereer en afgetakel is totdat daar uiteindelik bykans geen vloot of kuswag meer oor was nie. In hierdie lugleegte het die seerowers as rolspelers na vore getree en hulle kans waargeneem.

In Somalië het onveiligheid op land oorgespoel na onveiligheid op maritieme gebied. Die afwesigheid van regeringstrukture en staatsadministrasie het uiters negatiewe internasionale gevolge gehad.

In dié konteks het Somaliërs aanvanklik toegeslaan op onwettige buitelandse vissersbote rondom die kus van Somalië wat veral deur geelvin tuna aangelok is. Die Somaliërs het hulle voorgedoen as die wettige Somaliese kuswag wat bloot probeer het om hulle mariene bronne te beskerm, maar mettertyd het dit oorgespoel na aanvalle deur georganiseerde groepe op verbyvarende handelskepe in die strategiese Golf van Aden en om die Horing van Afrika. Dit het spoedig die aandag van die media op die probleem gevestig, veral nadat 'n skip met 33 militêre tenks aan boord, reuse olietenkers, houerskepe en toeriste onder aanvalle van seerowers deurgeloop het. Verskeie insidente het voorbladnuus gehaal. Wat voorts belangrik is, is dat die insidente van seerowery duidelik saamgehang het met georganiseerde kriminaliteit aan die Ooskus van Afrika. Dit het weer internasionale ingryping deur die Verenigde Nasies (VN),

die Internasionale Maritieme Buro en talle vlote genoodsaak. Trouens, die wyse waarop internasionale organisasies, nie-regeringsorganisasies en state ingegryp het, is 'n goeie voorbeeld van hoe internasionale samewerking wel in die internasionale gemeenskap plaasvind.

Die voorkoms van seerowery aan die Nigeriese kus toon ooreenkomste, maar ook verskille met dié van Somalië. Eerstens moet genoem word dat die hoogste voorkoms aan die Nigeriese kus veral in die omgewing van die Niger Delta is – wat natuurlik een van die rykste olievelde in die wêreld is. Hier slaan organisasies soos MEND (die Movement for the Emansipation of the Niger Delta) veral toe op olieskepe van die groot multinasionale korporasies, soos Chevron. Anders as in Somalië is politieke doelwitte hier meer aan die orde. Maar goeie en verantwoordbare regering – of die afwesigheid daarvan – is weereens kritiese faktore, aangesien die Niger Delta ('n redelik onbegaanbare gebied) jare lank deur die Nigeriese regering verwaarloos is. Groot multinasionale korporasies is 'n vrye hand gegee om hulle olie-eksplorasiebedrywighede uit te voer en daarvoor is reusagtige bedrae aan die Nigeriese regering oorbetaal, maar niks of weinig daarvan is in die Niger Delta teruggeploeg. Dit het gelei tot frustrasie en 'n militante ingesteldheid in die Delta-gebied met gepaardgaande aanvalle op buitelanders en olietenkers. Hoe dit ook al sy, ook hier het 'n gebrek aan goeie regering aanleiding gegee tot onveiligheid in die Niger Delta en vandaar verder uitgekring na die Weskus van Afrika (die Golf van Guinee). Die gevolge was wydlopend in die internasionale gemeenskap, veral aangesien die koste van olie uit die Niger Delta aansienlik opgejaag is.

Politiek-ekonomiese gevolge van seerowery

Daar kan geen twyfel daaroor bestaan dat seerowery aan die kus van Afrika 'n uiters negatiewe impak op die internasionale gemeenskap het nie. Eweso is die gevolge negatief vir Afrikastate wat daardeur geraak word. Wat seerowery om die Horing van Afrika en in die Golf van Aden betref, het dit reeds gelei tot 'n groot afname van maritieme handelsverkeer via die Suez-kanaal. Uiteraard het dit meegebring dat inkomste vir rolspelers in die Suez-kanaal (wat Europa en Asië handelsgewys verbind) aansienklik afgeneem het. Die roete om die Kaap het egter verhoogde maritieme handelsverkeer ervaar, maar dit beteken 'n addisionele 10 tot 14 dae van vragvervoer wat internasionale vervoerkostes opjaag. In die algemeen het seerowery ook meegebring dat daar hoë verliese gelei is aan gesteelde goedere, vertragings in produklewering, en skerp verhogings in die versekering van skepe wat na-aan die Horing van Afrika vaar. Die hoë voorkoms van seerowery het voorts meegebring dat die bemanning van skepe wat na-aan die Somaliese kus vaar op verhoogde besoldiging aangedring het.

Hierbenewens was daar negatiewe gevolge vir etlike relatief behoeftige Afrikastate aan die Ooskus van die kontinent. Kenia, Mosambiek en Tanzanië het almal op verskillende wyses groot verliese van broodnodige inkomste gerapporteer; verliese wat wissel van inkomste uit toerisme (veral plesierritte), invoere, uitvoere, hawebelastings, en vele meer. Ook inkomste uit visbronne het afgeneem, aangesien etlike Afrikastate lisensies aan lande soos China, Taiwan, Suid-Korea, Rusland en die Europese Unie toestaan vir visvangs in hulle gebiedswaters.

Visvangs aan die Nigeriese kus het getaan as gevolg van die hoë risiko wat vissersbote moes trotseer. Gevolglik het die prys van vis aansienlik toegeneem in 'n land waar dit vir talle arm mense 'n noodsaaklike voedselbron is.

Somaliese seerowers het uiteraard hoë inkomste gegenereer uit aanvalle op vragen ander skepe; tot soveel as $10 000 vir individuele seerowers in 'n land waar die gemiddelde individuele inkomste maar ongeveer $650 beloop. Dit weeg egter glad nie op teen die feit dat Somalië 'n hoë prys moes betaal vir 'n aansienlike afname

in internasionale voedselhulp nie. As 'n ontvanger van voedsel van die Wêreld-voedselprogram het Somalië en sy verarmde inwoners in die afgelope jare aansienlike voorrade koring en rys ontvang – maar selfs die skepe wat voedselhulp aan die land gelewer het, is nie van kapings en beslaglegging gespaar nie.

Wat seerowery aan die Weskus van Afrika betref, was daar eweneens negatiewe gevolge. Nigerië het nog altyd 'n stewige inkomste uit visvangs verdien, wat naas die olie-industrie die grootste verdiener van inkomste vir die land is. Visvangs aan die Nigeriese kus het egter getaan as gevolg van die hoë risiko wat vissersbote moes trotseer, aangesien seerowers in onlangse tye nie slegs op oliebote toegeslaan het nie, maar selfs vissermanne vermoor het. Gevolglik het die prys van vis aansienlik toegeneem in 'n land waar dit vir talle arm mense 'n noodsaaklike voedselbron is.

Gesofistikeerde krygsvaartuie patrolleer tans die Golf van Aden en die kus om die Horing van Afrika ter beskerming van die handelsverkeer tussen Asië en Europa.

Die oliebedryf in die Niger Delta het ook sleg deurgeloop. Omvangryke verliese word gely aan gesteelde olie en skattings is dat tot soveel as 10% van Nigerië se olie geroof word. Ofskoon die multinasionale oliekorporasies en die Nigeriese federale regering die kostes hiervan dra en die hoë prys vir beveiligingspogings betaal, beteken dit steeds dat die land groot verliese ly aan potensiële inkomste wat andersins aan broodnodige ekonomiese ontwikkeling in Nigerië sou kon gaan.

Pogings ter bekamping van seerowery

Oor die algemeen beskik Afrikastate nie oor die ekonomiese vermoë, vlootvaartuie of die maritieme instrumente om seerowery aan bande te lê nie. Rolspelers buite Afrika was dus genoop om betrokke te raak ter beskerming van kwesbare handelsvaartuie. Trouens, op min gebiede in die internasionale gemeenskap het 'n verskeidenheid van rolspelers hulle kragte so saamgesnoer as in die geval van seerowery aan die kus van Afrika. Aan die Nigeriese Weskus is olie natuurlik ter sprake en aangesien die Amerikaanse regering 'n regstreekse ekonomiese belang daarby het, het die Amerikaners duur en omvangryke pogings van stapel gestuur om saam met ander rolspelers maritieme orde aan die Nigeriese kus te probeer verseker.

Ofskoon sodanige pogings nie altyd glad en sonder haakplekke verloop het nie, het 'n verskeidenheid internasionale organisasies, state en nie-staatlike akteurs eweneens bydraes gelewer om die onlangse skerp opwaartse tendens van seerowery aan die Ooskus van Afrika te probeer hokslaan. Die Veiligheidsraad van die Verenigde Nasies (VN) het byvoorbeeld verskeie resolusies aanvaar wat aan belanghebbende state die reg gee om hulle skepe en handelsbelange tot selfs in die kuswaters van Somalië te beskerm. 'n Buitengewone stap is ook geneem met 'n besluit dat belanghebbende state die vermeende beplanning en uitvoer van seerowery selfs op Somaliese grondgebied regstreeks mag bestry. Daarmee is ingevolge die internasionale regskonteks erken dat Somalië nie in staat is om seerowery die hoof te bied nie en is die handhawing van (Somaliese) soewereiniteit – wat natuurlik 'n hoeksteen in die handhawing en funksionering van die moderne statestelsel vorm versag.
Voorts het die Internasionale Maritieme Organisasie ('n VN-agentskap) eweneens veel gedoen om onderlinge samewerking en koördinering tussen state en ander rolspelers te bevorder – alles in 'n poging om 'n ferm greep op seerowery aan die Ooskus van Afrika te probeer kry. Op ander vlakke het state onderlinge ooreenkomste aangegaan, byvoorbeeld tussen die VSA, Brittanje en Kenia met die doel om seerowers deur die howe van laasgenoemde te vervolg.

Op 'n meer prakties-maritieme vlak is verskeie multinasionale vlootinisiatiewe van

stapel gestuur wat daarop neerkom dat gesofistikeerde krygsvaartuie van al die groot ekonomiese moondhede en ander state die Golf van Aden en die kus om die Horing van Afrika patrolleer ter beskerming van die hoë volumes handelsverkeer tussen Asië en Europa. Dit het 'n ongekende teenwoordigheid van vlootvaartuie geskep met vlote van etlike Europese en Asiatiese nasies wat tans maritieme patrollies onderneem. Daarmee is 'n spreekwoordelike veiligheidsambreel oor die Horing van Afrika en die Golf van Aden gespan. Gevolglik is die risiko van seerowery tans aansienlik minder, maar die vraag is of dit 'n volhoubare oplossing bied.

Slotopmerkings

Ofskoon daar aangevoer kan word dat die risiko van seerowery aan die Somaliese kus en in die Golf van Aden beduidend afgeneem het, bly die punt staan dat onveiligheid op land na die see (kan) oorspoel en dat die probleem ten diepste te make het met die faktore van goeie regering en gesonde staatsadministrasie – of 'n gebrek daaraan. Totdat 'n funksionele regering en staatsadministrasie in Somalië in plek is, sal al die bogenoemde pogings blote korttermynoplossings bied. Daarby sal die Afrika-unie – wat immers die kontinent se supra-nasionale organisasie is – sterker na vore moet tree in 'n poging om wyer internasionale pogings te steun ter bekamping van seerowery aan die kus van Afrika. Ongelukkig het die AU-voorsitter, kol. Muammar Gadaffi, se redelik onlangse afwysende houding jeens die teenwoordigheid van buitelandse rolspelers aan die Ooskus van Afrika, asook sy gepaardgaande gunstige uitsprake jeens Somaliese seerowers, nie juis die indruk gelaat dat die AU gerat is om sake konstruktief te help bestuur nie.

Totdat 'n funksionele regering en staatsadministrasie in Somalië in plek is, sal alle pogings blote korttermynoplossings bied.

Laastens is dit belangrik om te noem dat Somaliese seerowers aanpasbaar is en reeds suidwaarts "gemigeer" het waar hulle aanvalle tot sover as die Mosambiekse kus uitvoer. Dit bring natuurlik die potensiële rol van die Suid-Afrikaanse Vloot in die prentjie. Waar die Suid-Afrikaanse besluitnemers tot dusver nie juis baie gretig voorgekom het om by die bekamping van seerowery aan die Ooskus van Afrika betrokke te raak nie lyk dit asof die vloot wel uiteindelik genoop gaan word om 'n meer aktiewe rol aan te neem. Verskeie waarnemers wys op die suidwaartse migrasie van seerowers uit Somalië. Kortom, seerowery rondom Afrika is nie 'n probleem wat oornag gaan verdwyn nie – en sal trouens altyd voorkom – maar ten diepste benadruk dit andermaal die noodsaak aan funksionerende en funksionele regerings en staatsadministrasie op die vasteland van Afrika.

Boekbekendstelling

Van der Watt, Jan & Tolmie, Francois. 2008. **Apokriewe Ou en Nuwe Testament: verlore boeke uit die Bybelse tyd.** Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy. 791 p. Prys: R199,95. ISBN: 978-1-77000-192-3.

Hierdie boek bevat 'n verteenwoordigende versameling Ou- en Nuwe-Testamentiese apokriewe boeke. In die "Inleiding" is 'n bondige en interessante uiteensetting van die ontstaan, wese en waarde/afwysings van apokriewe boeke. Die verskillende apokriewe boeke wat opgeneem is, word ook geëvalueer ten opsigte van 'n tydlyn, sekere bibliografiese gegewens, 'n kritiese inhoudsopsomming, die waarde van die boek en verwysings na die Bybel wat in die boek mag voorkom. Verskillende relevante verrykingsblokkies word ook gegee om die teks te verhelder. Hierdie is nie letterlike vertalings van die Griekse tekste nie, maar moderne alledaagse Afrikaans. Op die agterblad word die bedoeling van die boek duidelik saamgevat: "Die apokriewe maak vir die lesers 'n venster oop tot 'n beter begrip van die denk- en leefwêreld van die vroeg-Christelike biblioteek."

Ontwikkelingswerk in Afrika: een verlore strijd of nog hoop?

G. Verbeek
Adviseur: Internationale Samenwerking en Onwikkeling,
Jemen en Angola

Dat geluid: "de ontwikkelingshulp moet stoppen", horen we niet alleen van rechtse politici in Nederland die elke euro voor ontwikkelingshulp weggegooid geld vinden. Ook binnen de sector zelf is het bijzonder onrustig, in Nederland in ieder geval, en wordt er openlijk gesuggereerd dat de ontwikkelingssamenwerking zoals we die nu kennen beter afgeschaft kan worden. Directeur René Grotenhuis van Cordaid, een van de grootste ontwikkelingsorganisaties in Nederland, benadert de kritiek iets positiever maar daarom niet minder fundamenteel. Hij stelt: "Niet de vraag 'doen we de dingen goed' moet centraal staan, maar 'doen we de goede dingen'." Het debat is in ontwikkelingssamenwerking doorgeschoten richting beheersbaarheid en effectiviteit. Daar is op zich niets mis mee. De tijd van de goede bedoelingen ligt ver achter ons. De nadruk op meten en verantwoorden is echter zo dominant geworden, dat het debat over de échte uitdagingen van deze tijd naar de achtergrond zijn verdrongen.

René Grotenhuis: "Niet de vraag 'doen we de dingen goed' moet centraal staan, maar 'doen we de goede dingen'."

De vraag of ontwikkelingswerk in Afrika een verloren strijd is of dat er nog hoop is, ligt in het verlengde van de oproep van Grotenhuis. In zestig jaar is er bijna een triljoen dollar aan Westerse hulpgelden in Afrika gestoken en hebben duizenden Westerse experts hun kennis en kunde gedeeld in alle landen van dat continent. Nog steeds zijn op veel plaatsen armoede, ziekte en oorlog aan de orde van de dag. Kortom, is het niet beter om er nu mee te stoppen? Hoe krijgen we de goede dingen weer op de agenda?

Pleidooi voor blijvende solidariteit

Een pleidooi voor stoppen is geen pleidooi voor onverschilligheid en een toegeven aan machteloosheid. Verre van dat. Armoede is een van de ergste, zo niet dé ergste schandvlek van deze tijd. Mensen die meer dan genoeg hebben om van te bestaan mógen hun ogen niet sluiten voor medemensen die gebrek leiden. Niets doen is geen optie, en zeker geen Bijbelse. Profeten en Jezus zelf roepen ons op niet mis te verstane wijze om ons in te zetten voor recht en gerechtigheid. Het is volgens de profeet Micha duidelijk wat God van mensen vraagt: "niets anders dan recht te doen, trouw te betrachten en nederig de weg te gaan van je God" (Micha, 6:8). De oproep tot gerechtigheid overstijgt het zoeken van mensen naar persoonlijke rechtvaardiging voor God. In mijn boek "Recht in overvloed" beargumenteer ik dat de tegenstelling tussen persoonlijke en publieke gerechtigheid een geforceerde tegenstelling was en is. De Bijbel spreekt over zowel het een als het ander, niet in afzondering. Ze volgen uit elkaar. Ik zeg dit ten overvloede omdat veel Christenen nog steeds aarzelen om Bijbelse principes – die goed zijn voor de héle mens en de gehele schepping – niet alleen op individuen en kleine gemeen-

schappen toe te passen, maar óók op heilloze structuren die door mensen zijn gemaakt en in stand worden gehouden.

Nieuwe uitdagingen

De uitdagingen van nú vragen om een herbezinning op de aard en het doel van de ontwikkelingssamenwerking. De armoedeproblematiek in het licht van globale crises, het tekort aan moreel leiderschap, en het tekort aan lerend vermogen.

Een pleidooi om te stoppen is evenmin een poging om al het goede dat in de afgelopen zestig jaar bereikt is in diskrediet te brengen of te bagatelliseren. Verre van dat. Tussen 1950 en 1970 zijn grote resultaten geboekt op gezondheidsgebied en onderwijs. De periode 1970 en 1985 bracht de groene revolutie, die met name in Azië succesvol was. Na 1985 was er veel aandacht voor het beperken van excessen van corrupte leiders, weliswaar met wisselend succes, maar toch. En de laatste tijd ligt de nadruk steeds meer op het bouwen op de veerkracht en het ondernemingsvermogen van mensen zélf door het verstrekken van microkredieten en het stimuleren van het ondernemersklimaat.

